# Graad 7-10

Gesels saam
GRAAD 7-10

## WELKOM

Gee vir elke jongmens 'n skoon vel papier en 'n pen. Laat hulle verhale neerskryf waar iemand iets gedoen of gesê het waaroor hulle later gedink het: "O, nee! Ek wens ek kon dit terugvat." Voorbeelde: om 'n Whatsapp na die verkeerde groep te stuur; jy het 'n grappie gemaak wat iemand heeltemal verkeerd verstaan het.

*Nota:* Hoewel dit goed is dat die jongmense oor hulle eie foute of ernstige sake nadink, kan hulle nou eerder genooi word om net lighartige foute, wat ook as snaaks beskou kan word, te deel.

Neem al die papiere in. (*Wenk:* Jy kan dit selfs in 'n (vis)net opneem om by die teksgedeelte aan te sluit.) Skommel die papiere en lees dit aan die groep voor (hou dit lig en gepas). Lag lekker saam oor die simpel goed wat almal soms doen.

Verduidelik vir die jongmense dat ons almal partykeer dinge doen wat ons wens ons kon terugvat. Dikwels is dit net dinge wat ons laat cringe, maar soms is dit groter blapse. Petrus het 'n groot fout gemaak. Hy het waarskynlik ook gewens hy kon dit terugvat of oordoen.

## WONDER

Plaas julle in Petrus se skoene. Hy het vir Jesus gesê dat hy vir Hom sal sterf (Joh 13:37). Petrus was so ontsteld toe die wagte vir Jesus gearresteer het dat hy selfs die een se oor afgekap het (Joh 18:10). Toe Petrus egter later gevra word of hy een van Jesus se dissipels is, het hy dit drie keer ontken (Joh 18:15-27).

Lees Johannes 21:1-19 saam.

Gesels saam:

- Wat dink julle het Petrus gedink toe Jesus op die strand langs die koolvuur staan?
- Hoe het Jesus Petrus se storie kom verander?
- Wat dink julle sal Jesus vir ons sê oor die foute wat ons maak?

## WEES

Jesus bring vir Petrus weer by 'n koolvuur – die plek waar hy vir Jesus verloën het. Tog is dit nie 'n vernedering vir Petrus nie. Dit is 'n plek van genesing. Dit is asof Jesus saam met Petrus terugloop na die plek waar alles skeefgeloop het; die plek van Petrus se diepste skaamte en mislukking. Juis op daardie plek kom herskryf Jesus Petrus se storie. Hy gee vir Petrus 'n belangrike taak: om na God se mense om te sien; om hulle te lei om van Jesus te getuig. Jesus vergewe nie net vir Petrus nie, Hy vertrou hom.

Laat die jongmense op hulle eie oor die volgende nadink:

- Watter "koolvure" is daar in jou lewe? Wat is die dinge wat jy wens jy kon verander?
- Wat sal dit vir jou beteken om te weet dat Jesus juis op daardie plek(ke) vir jou genesing en herstel wil bring?

Maak 'n vuur, indien moontlik. Gee vir elke jongmens 'n skoon vel papier en laat hulle iets daarop skryf waaroor hulle spyt is – die metaforiese koolvuur in hulle lewe. Gee vir elkeen 'n kans om voor die vuur te sit en 'n stilgebed te doen. Daarna kan hy of sy die papier in die vuur gooi en kyk hoe dit verbrand.

Herinner die jongmense aan Jesus wat Petrus se grootste mislukking in 'n storie van herstel en vertroue verander het.

## WEGSTUUR

Probeer hierdie week leef soos iemand wie se storie van mislukking deur Jesus herskryf is.